## Algemene inligting

### *Somer- en winterseisoen*

Tydens die somer en winter begin die skool 7:15 en die leerders verdaag om 13:35. Op Vrydae sluit die skool om 13:00

### *Eksamen en toetse*

Toetsreeks vind plaas in die 1ste en 3de kwartaal.
Eksamen in 2de en 4de kwartaal.

### *Fasiliteite*

Die skool beskik oor die infrastruktuur om 1000 leerders te akkommodeer. Vanweë die grootte van die skool en skoolterrein, is instandhouding ‘n deurlopende taak.

Die reaksie van besoekers op die pragtige geboue en die algemene versorging van die skoolterrein, laat elke Volkie-hart warm klop en is ‘n motivering om nog meer moeite te doen.

Die Arend is die sport- en kultuurkompleks van die skool. Die kompleks beskik oor ‘n volledig toegeruste kombuis, badkamers, kleedkamers en ‘n groot lokaal waar funksies gehou kan word.

Die skool beskik oor ‘n hele aantal sportvelde. Verskeie van die sportvelde beskik oor spreiligte vir aandwedstryde.

- 6 tennisbane, 4 onder spreiligte.
- Kleedkamers en onthaalgeriewe is ook beskikbaar by die hokkie- en krieketvelde (aan die agterkant van die skool geleë). ‘n Toegeruste noodhulpkamer word tydens sportgeleenthede deur opgeleide personeellede beman.
- Toegeruste ouditorium met 100 gemaklike stoele.
- 3 rekenaarsentrums.
- ‘n Restaurant waar die Hotelhoudingleerders gaste met smaaklike geregte verras.
- Dataprojektors en internetkoppelling is in die meeste klaskamers geïnstalleer.

***Afgee van pakkies***

Die inhandighing van pakkies, vergete klere, boeke, take en kunsbenodighede, wat die leerders moet kom moet asseblief tot ‘n minimum beperk word.